Pretoria- 24 Augustus 2014

**Skriflesing:** Psalm 8; Spreuke 18
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 47**
**Teks: Psalm 8:2a, Spreuke 18:10**
**Sing- Ps. 150:1,3; Ps. 8:1,2,7; Ps. 48:5**

**Psalm 8**

**Psa 8:1** Vir die musiekleier; op die Gittiet. ‘n Psalm van Dawid. (8:2) o HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde! U wat u majesteit gelê het op die hemele.
Psa 8:2 (8:3) Uit die mond van kinders en suiglinge het U sterkte gegrondves, om u teëstanders ontwil, om die vyand en wraakgierige stil te maak.
Psa 8:3 (8:4) As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het—
Psa 8:4 (8:5) wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?
Psa 8:5 (8:6) U het hom ‘n weinig minder gemaak as ‘n goddelike wese en hom met eer en heerlikheid gekroon.
Psa 8:6 (8:7) U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel:
Psa 8:7 (8:8) skape en beeste, dié almal, en ook die diere van die veld,
Psa 8:8 (8:9) die voëls van die hemel en die visse van die see, wat trek deur die paaie van die see.
Psa 8:9 (8:10) o HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!

**Spreuke 18**

**Pro 18:1** Hy wat hom afskei, soek sy eie begeerte; hy bestry alles wat waarlik tot voordeel strek.
Pro 18:2 Die dwaas het geen behae in verstandigheid nie, maar net daarin dat sy hart openbaar word.
Pro 18:3 As die goddelose kom, kom ook veragting; en saam met die skande, versmading.
Pro 18:4 Die woorde van ‘n man se mond is diep waters, ‘n stroom wat bruis, ‘n fontein van wysheid.
Pro 18:5 Om vir die goddelose partydig te wees, om die regverdige in die gereg weg te stoot, is nie goed nie.
Pro 18:6 Die lippe van die dwaas kom met getwis, en sy mond roep na slae.
Pro 18:7 Die mond van die dwaas is sy ondergang en sy lippe ‘n strik vir sy lewe.
Pro 18:8 Die woorde van die kwaadstoker is soos lekkernye, en dit gly af na die kamers van die binneste.
Pro 18:9 Alreeds hy wat hom slap hou in sy werk, hy is ‘n broer van ‘n verwoester.
Pro 18:10 Die Naam van die HERE is ‘n sterk toring; die regverdige hardloop daarin en word beskut.
Pro 18:11 Die goed van die ryke is sy sterk stad en soos ‘n steil muur in sy verbeelding.
Pro 18:12 Voor die verbreking is die mens se hart hoogmoedig, maar nederigheid gaan aan die eer vooraf.
Pro 18:13 Hy wat antwoord gee voordat hy gehoor het, vir hom sal dit ‘n sotheid en ‘n skande wees.
Pro 18:14 Die gees van ‘n man ondersteun hom in sy krankheid; maar ‘n verslae gees—wie kan dit opbeur?
Pro 18:15 Die hart van die verstandige verwerf kennis, en die oor van wyse soek na kennis.
Pro 18:16 Die geskenk van iemand maak vir hom ruimte en bring hom in die teenwoordigheid van die aansienlikes.
Pro 18:17 Hy wat die eerste in sy regsaak is, het reg; maar sy naaste kom en ondersoek hom terdeë.
Pro 18:18 Die lot laat die geskille ophou en maak sterkes uitmekaar.
Pro 18:19 ‘n Broer teen wie oortree is, is erger as ‘n sterk stad; en geskille is soos die grendel van ‘n paleis.

Pro 18:20 Van die vrug van iemand se mond word sy maag versadig; hy word versadig van die opbrings van sy lippe.
Pro 18:21 Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet.
Pro 18:22 Wie 'n vrou gevind het, het iets goeds gevind en 'n welgevalle van die HERE verkry.
Pro 18:23 Die arme spreek smekinge, maar die ryke antwoord harde dinge.
Pro 18:24 'n Man met baie vriende word geruïneer, maar daar is 'n vriend wat sterker aanhang as 'n broer.

**Sondag 47**
**122 *Vraag*: Wat is die eerste bede?**
**Antwoord: *Laat u Naam geheilig word*. Dit is: Gee allereers dat ons U reg ken (a) en dat ons U heilig, roem en prys in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid so skitter (b). Gee verder dat ons ons hele lewe, gedagtes, woorde en werke daarop sal rig dat u Naam nie om ons ontwil gelaster nie, maar geëer en geprys word (c).**

**(a) Joh 17:3; Jer 9:24; 31:33, 34; Matt 16:17; Jak 1:5; Ps 119:105. (b) Ps 119:137; Luk 1:46, 47, 68, 69; Rom 11:33. (c) Ps 71:8;115:1.**

**Skriflesing:** Psalm 8; Spreuke 18
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 47**
**Teks: Psalm 8:2a, Spreuke 18:10**
**Sing- Ps. 150:1,3; Ps. 8:1,2,7; Ps. 48:5**

Geliefde broeders en susters Die eerste bede van die volmaakte gebed-"Die Onse-Vader" begin by die Here se Naam – **Laat u Naam geheilig word…….**God wat Onse Vader is gee vir ons sy Naam. Dan is sy Naam nie maar net 'n Woord waarmee God geïdentifiseer kan word nie, néé met die naam van God word God Self bedoel. Moses wou vir God ook 'n Naam gee. God het nie 'n Naam soos ons as mense nie, God is sy Naam. God sê vir Moses-*EK IS WAT EK IS*……God en sy Naam is een. In Spreuke 18het ons in die teksverse gelees dat *Die Naam van die Here is 'n sterk toring; die regverdige hardloop daarin en word beskut*……U hoor hoe God se Naam Hyself is, sy Naam is nie maar net 'n paar klanke in die alfabet nie, maar sy Naam is die vesting, die gebou, die toring waarbinne ons kan skuil. Sy naam is God Self.

Wanneer ons bid dat God se Naam geheilig moet word, dan vra ons beslis nie iets van God nie, maar dit is 'n skuldbelydenis voor God. Die Here se Naam is alreeds volmaak heilig, Hy is God, dit kan nie nog heiliger word nie. Die eerste bede dwing ons op ons knieë dat ons voor die Here bely dat ons gedurig besig is om sy Naam te ontheilig. Gedurig, van die paradys se dae af, is ons mense besig om God se Naam te beklad en te beswadder, te ontheilig

U kom agter die eerste bede gaan nie daarom dat daar iets met God se Naam moet gebeur nie, maar dat daar met my iets moet gebeur. Ek moet God se Naam heilig. Heilig het ’n geheel en al positiewe betekenis. By die gebed gaan dit daarom dat ek die heiligheid van God se Naam in alles sal erken. In my hele lewenshouding moet die eer van God se Naam altyd die eerste plek kry, dit is waarom dit die eerste bede in die “Onse Vader” is. In die gebed gaan dit nie maar net om volgorde nie, dit gaan oor my hele houding. As God se Naam nie eerste staan nie, hoe kan ek hoegenaamd tot God vir sy koninkryk, sy wil, my brood, my huis, my lewe bid? ***Laat U Naam geheilig word-*** gee vir ons die doel en die oogmerk van die hele “Onse Vader” gebed.

’n Gebed wat saam met Psalm 8 wil sing – *O Here, onse Here, hoe heerlik is U Naam op die ganse aarde.* Die Psalm begin daarmee,in vers 10 eindig die Psalm daarmee. Die heerlikheid van die Here se Naam oor die ganse aarde bevat alles, alles het daarmee begin, eendag sal alles in die Here se Naam beëindig word. Hy, die eerste en die laaste, die alfa, die omega, die begin en die einde, dit is God se Naam, dit is HY! Ons wil die Here se Naam verheerlik, want sy Naam is heerlik heilig!

Psalm 8 begin met die paradys, nog voor die sondeval. Dit is ’n paradys psalm! Hoe die mens in die paradys ook vir God in sy Naam moes verheerlik. Dit lyk asof die Psalm in die nag geskryf is. Ons noem dit dan ook ’n naglied. Die Here maak die mens na sy beeld en gelykenis, weinig minder as ’n goddelike wese, met eer en heerlikheid gekroon, dat die heerlikheid van God se Naam uit die mens moet skitter. Meer as wat die sterre in die nag skitter, die uitspansel. As Dawid na die hemel kyk, hy *aanskou die hemel, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat u toeberei het,* dan kan hy die mens daarteen meet, teen son, maan en sterre……Meer as wat die glans van die son is, soveel te meer moet die heerlikheid van God se Naam uit ons skitter.

En tog is die mens ’n donker wese. Die mens het dit rondom homself donker gemaak. Die dag van God se Naam het die mens nag gemaak. In die gebed vra ons dat die Here my weer daartoe in staat sal stel om die lig, om die dag van sy Naam, vir my, vir almal en alles rondom my te wys. En ons belydenis vra dit van die Here op drie maniere. Op ’n profetiese manier, op ’n priesterlike manier, op ’n koninklike manier…….

Profeties, dat ek allereers vir God reg sal ken. Ons belydenis bid ***Gee allereers dat ons U reg ken…….***Dit is die werk van ’n profeet. Ons ken God op twee maniere. In die natuur, in die Skriftuur, in die werke van God daarbuite, in sy skepping, in die Woord van God hierbinne, in sy kerk, die liggaam van Jesus Christus. Sonder die Woord, sonder die ware kerk in Christus Jesus, kan geen mens vir God reg ken nie. Baie mense sal voorgee hulle ken God, maar daar is ’n verskil tussen ken en reg ken. Die natuur en geskiedenis van die wêreld daarbuite is natuurlik genoeg, al is dit nie voldoende nie, geen mens sal eendag ’n verskoning kan hê maar ek het nie U Woord gehad nie. Elke mens sien God se skepping, elke mens word deel van die geskiedenis, dit maak dat selfs die heidene geen verontskuldiging sal hê nie (Rom. 1:19,20).

***

Om God reg te ken, daarvoor is die skepping alleen nie voldoende nie, ons het óók God se Woord nodig. Ons kan God se Naam alleen heilig wanneer ons vir Christus ken. Sonder die Woord en sonder die Heilige Gees wat nooit los van die Woord staan en werk nie, sal ons nooit vir Christus ken nie. Alleen in Christus kan my gebed om God se Naam te heilig waarheid word. Dan alleen sal ons saam met daardie engele by die roepings visioen van Jesaja in hoofstuk 6 kan uitroep……..*Heilig, heilig, heilig is die Here van die leërskare.* Hoe beter ’n mens vir God ken, hoe meer sal ek dan ook sy Naam kan heilig maak. Dit sal nie net hoorsê wees, soos wat Job na sy beproewinge bely het nie, maar dit sal kennis wees soos die van Henog wat met God gewandel het, of van Abraham wat God se vriend genoem is. ’n Kennis met die hart, ’n kennis in liefde, ’n geloofskennis in Jesus Christus, deur die Heilige Gees gewerk, soos dié van ’n profeet.

As ons tot die Here bely – ***Laat U Naam geheilig word……***dan bid ons nie net om profetiese kennis van God nie, MAAR ook om priesterlike toewyding aan God. Ons wil soos priesters wees wat God se Naam **heilig, roem en prys in al sy werke, waarin sy almag, sy wysheid, sy geregtigheid, sy barmhartigheid, en sy waarheid so skitter……..**In Psalm 8 het ons ook van al hierdie dinge gelees. Ons het gelees van die werk van God se vingers. Ons het gelees van God se almag – *U wat U Majesteit gelê het op die hemele.* Ons het gelees van God se wysheid – hoedat *God die maan en die sterre toeberei het,* elkeen het sy plek, alleen ’n wyse God kon die heelal beplan. Ons het gelees van God se geregtigheid – hoe die Here die mens *oor die werk van sy hande laat heers, die skape, die beeste, die diere van die veld, die voëls, die visse, hoe Hy alles onder die mens se voete gestel het,* dié alles praat van die reg, van die geregtigheid van

God, hoe aan God se reg voldoen moes word. Ons lees van die barmhartigheid van God – *hoe die Here aan die mens gedink het, die Here die mensekind besoek het……*Ons lees van die waarheid van God. Watter groter waarheid kan daar wees as dat God se naam heerlik is op die ganse aarde. Die Psalm begin, die Psalm eindig met die waarheid – *O Here, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde…….*

In al hierdie deugde van God, sy werke, sy almag, sy wysheid, sy geregtigheid, sy barmhartigheid, sy waarheid, moet ons God se Naam heilig roem en prys. Ons vra soos priesters vir die Here – **Laat U Naam geheilig word…..**dan beteken dit dat ek God se deugde, God se werke sal raaksien, sal heilig, roem en prys. Ook in die klein dingetjies, nie net die groot dinge nie.

Die Here gebruik sandkorrels wat baie klein is, maar dit is die sandkorrels wat die magtige oseane blokkeer dat die see nie in die land inspoel nie. Die kleine atoom, split hom en sien wat gebeur? Die magtigste ontlading van energie wat daar seker kan wees, so erg, ons noem dit ’n atoombom. Dit is God se werke wat agter die kleine atoom met sy geweldige energie skuil.

’n Musiekkenner hoef net een noot te hoor, dan weet hy dit is Bach, of dit is Mozart. In al die groot musiekblyspele gee die Here ’n klein stel van musieknote en dit maak alle musiek moontlik. Werke van God in die musiek wat geroem, geprys, geheilig moet word. Die hele skepping is soos ’n musiek simfonie, die Here wil hê dat ons nie net applous moet lewer nie, ons moet saam sing, ons moet deel word van die musiekuitvoering van sy skeppingswerk. Dan word sy Naam wat met sy Wese een is, geheilig. ’n Priester luister nie net nie, ’n priester is iemand wat met die hande, met die stem, met die hart saamdoen, saamsing, saambid. Dan sal ek óók saamstry. Die stryd van die geloof stry ek, want elke keer wil ek die Here vra – **Laat U Naam geheilig word.** Ek stry met die drie doods vyande, myself, die wêreld, die Satan.

***

Wanneer ek die eerste bede bid is ons derde gedagte dat ek – Koninklik wil stry tot die eer van God. Die gebed van ons belydenis – **Gee verder dat ons ons hele lewe, gedagtes woorde en werke daarop sal rig dat u Naam om ons ontwil nie gelaster nie maar geëer en geprys word.** Hier kan u daaraan dink hoe met ’n pyl en boog gewerk word. Eers skik ons die boog en dan rig

ons die pyl. Ons vra die Here dat Hy ons lewe, ons gedagtes, ons woorde en werke sal skik, want eers as God skik dan kan ons reg rig. Dan rig ons ons op God se Naam. Ons gaan oorlogsveld toe. Die eer van ons Koning is op die spel. En die manier waarop die stryd gevoer word dit bepaal hoe ons die Koning eer. Ons hele lewe, gedagtes woorde en werke moet so gerig wees dat God se Naam om ons ontwil nie gelaster nie, maar geëer en geprys word. Gedurig is daar magte aan die werk, die magte is bedrywig in ons land wat God se eer wil ontneem. In hierdie stryd mag ons nie neutraal staan nie. Jesus *sê Hy wat nie met my is nie, is teen My.* U moet die wapenrusting van die geloof aantrek, ook wanneer u bid, want u gebed is dan ook deel van daardie stryd om God se naam. Watter mens kan harder stry as ’n mens wat bid? **Laat U naam geheilig word.**

AMEN